# Fokus op die verbruiker
## Plaaslike ekonomiese nuus: Oktober 2010

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die tweede kwartaal van 2010 verder gegroei, hoewel teen ‘n stadiger pas as in die eerste kwartaal. Hierdie maand val die kollig op die stand van die verbruiker soos beskryf in die SA Reserwebank se jongste *Kwartaallike Bulletin*.

### Indiensneming positief vir huishoudelike inkomste

Daar is tekens dat die indiensnemingsituasie besig is om te verbeter, met ‘n stabilisering van werkverliese. Statistiek SA dui aan dat 41 000 nuwe betrekkings gedurende die tweede kwartaal van hierdie jaar in die formele sektor geskep is. Dit is ‘n ommekeer van die 61 000 wat in die eerste kwartaal verloor is.

Dit is goeie nuus vir verbruikers wat besteebare inkomste betref. Bykomend tot die tentatiewe herstel in werkverskaffing was die koers van loon-ooreenkomste oor dieselfde tydperk heelwat hoër as die boonste baan van die inflasieteiken. ‘n Loon-ooreenkoms is die finale salarisverhogings-ooreenkoms wat tussen werkgewers en vakbonde gedurende ‘n staking bereik word. Die loonooreenkoms in die openbare sektor-staking was byvoorbeeld 7.5%. Die inflasieteiken is tussen 3 en 6 persent, wat beteken die boonste baan is 6%. Huishoudelike besteebare inkomste het gevolglik in die tweede kwartaal verder gestyg, wat die groei in besteding ondersteun het.

### Rentekoerse verlig skuld-pyn

Rentekoerse het sedert Desember 2008 met 600 basispunte gedaal (d.i. 6%) na ‘n verdere 50 basispunte (0.5%) verlaging in die prima rentekoers in September 2010. Die primêre oortrokke koers, wat in 2008 15.5% was, het nou gedaal na ‘n ongekende lae vlak van 9.5%. Dit beteken ‘n besparing van omtrent R4 300 op ‘n verband van R1 miljoen!

Normaalweg sou hierdie ekstra inkomste op verbruiksgoedere en dienste bestee word, ter ondersteuning van ekonomiese herstel. Suid-Afrika se verbruikers was egter, en is steeds, diep in die skuld. [1] Dus behoort enige ekstra inkomste wat verbruikers ontvang, gebruik te word om skuld af te betaal voordat robuuste besteding en volhoubare groei weer ‘n werklikheid kan word. Hierdie situasie sal waarskynlik tot volgende jaar aanhou wanneer verbruikers voel hulle kan met gemak hul skuld diens en banke hul uitleenkriteria verslap, wat dit vir mense makliker maak om lenings te kry.

## Huishoudings spaar steeds nie

Hoewel die nasionale spaarkoers van 16% in die eerste kwartaal van 2010 tot 16.9% in die tweede kwartaal gestyg het, was dit slegs omdat die koers van ontsparing deur die regering in kwartaal 2 afgeplat het, nie vanweë verbeterde spaarpogings nie. Ontsparing is wanneer die koers van spaar negatief is – wanneer ‘n sektor eintlik van spaargeld onttrek en meer leen as wat hulle spaar. Volgens die Reserwebank het stygende belasting-inkomstes en laer vlakke van regeringsbesteding ‘n positiewe uitwerking op die spaarvlakke gehad. Die vlak van huishoudelike spaarpogings was tussen die eerste en die tweede kwartaal onveranderd. Die huishoudelike sektor is steeds onder aansienlike druk, ondanks die verligting wat hulle op inkomstes ontvang het danksy die lae rentekoers, lae inflasie-omgewing.

## Afplatting in besteding

Huishoudelike verbruiksbesteding het in die tweede kwartaal afgeneem vergeleke met die eerste kwartaal. Dit is ietwat verrassend en teleurstellend omdat daar ‘n verwagting was dat die toeloop van toeriste vir die FIFA Wêreldbeker kleinhandelverkope ‘n hupstoot sou gee, wat weer in die huishoudelike groeikoers weerspieel sou word.

Die Reserwebank skat egter dat die reis-kwitansiegedeelte van die betalingsbalans ‘n omvattende hupstoot van die sokkertoeriste gekry het, wat ‘n matigende uitwerking op die tekort in die huidige rekeningbalans gehad het. Besteding op duursame goedere soos motors was verbasend lewendig en bevestig die beweerde verhoging in motorverkope gedurende die tweede kwartaal.

Na verwagting sal die bestedingsgroei in die tweede helfte van die jaar verswak omdat die groei in hierdie sektor reeds in die eerste helfte van die jaar plaasgevind het. Besteebare inkomste sal steeds toeneem,

[1] Huishoudelike skuld as ‘n persentasie van BBP is steeds teen 78.2% redelik hoog in die tweede kwartaal van hierdie jaar; dit het skaars beweeg van die hersiene 78.7% wat gedurende die eerte kwartaal aangeteken is. Daar word boonop verwag dat dit vir die res van die jaar bokant 70% sal bly.

hoofsaaklik danksy relatief groot loon-ooreenkomste in verskeie prominente sektore van die ekonomie gedurende Augustus en September.

Hoewel die huidige lae inflasie-verwagtinge aan die SA Reserwebank die ruimte bied vir ‘n verdere koersverlaging, is dit onwaarskynlik dat dit sal gebeur.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*